

Die rooi kombersie
Rachelle Greef

Vrae

1. Wat beteken dit as dit sê: “Lila is groen.” (1)
2. Pas Kolom A by Kolom B oor wat Lila gebruik om van die insekte ontslae te raak. (2)

Kolom A		Kolom B	
2.1.	miere	A	knoffel
2.2.	plantluise	B	tabakstof

3. Wat is die enigste ding wat Lila vermoor? (1)
4. Hoe lank het Lila al die rooi kombersie? (1)
5. Waarin word die rooi kombersie gebêre? (1)


Elke keer as sy die kombers uit die sak skud, kan sy die begeerte om ‘n tydjie by die rooi pels van haar bokhaar te talm nie weerstaan nie.

6. Wat sou Lila met die rooi kombersie gedoen het as sy ‘n kat was? (1)
7. Wat doen sy in plaas daarvan om soos ‘n kat haar naels in die hare van die rooi kombersie in te werk? (2)
8. Met watter vrug se binnekant vergelyk Lila die rooi kombersie?
9. Watter twee uitwerking het die rooi kombersie op haar? (2)
10. Sê of die volgende stelling waar of onwaar is. Gee ‘n rede vir jou antwoord. (2)

Die rooi kombersie is dubbelbedkombers.

11. Gee een woord uit die storie vir die volgende: (2)
 - 11.1. Die kombers is (nie koud nie).
 - 11.2. Die kombers is (nie swaar nie).

12. Kies die prentjie van die seisoen wanneer Lila die kombers uithaal? (1)



13. Wat is Lila se man se naam? (1)

14. Kies die korrekte stelling:

Lila deel...

- a. haar liggaam, sekere geheime en haar rooi kombersie met Daniel.
- b. haar liggaam en sommige geheime maar nie die rooi kombersie nie met haar man.
- c. net haar liggaam en die rooi kombersie met Daniel.
- d. haar liggaam en alle geheime maar nie die rooi kombersie met haar man nie.

15. Hoeveel jaar is Lila en Daniel al getroud? (1)

16. Pas Kolom A by Kolom B:

Kolom A		Kolom B	
16.1.	Die material waarvan die rooi kombersie gemaak is.	A	Boland
16.2.	Die plek waar die kombersie gekoop is.	B	bokhaar
16.3.	Die Universiteit waarnatoe Lila gegaan het was hier.	C	oom Kakie
16.4.	Die plek waar hulle gebly het.	D	Port Elizabeth
16.5.	Lila se tweede pa.	E	Groot-Karoo

17. Sê of die volgende stelling waar of onwaar is. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)


Lila het alleen in 'n kamer gebly by die koshuis.

18. Wat se tipe kar het sy gery? (1)

19. Wie het die motor vir Lila gekoop? (1)

20. Waar het hy die kar gekoop? (2)

21. Kies die prentjie van die aktiwiteit wat Lila, haar ma en oom Kakie elke aan doen.



22. Hoekom dink jy het oom Kakie het vir Lila 'n enkel en hulle 'n dubbel gegooi whisky? (2)

23. Wat beteken: “die aarde is dor”? (2)

24. Kies die korrekte antwoord:

“Spinnerakskaduweetjies” sê vir die leser die boom gee...

- a. Baie skaduwee.
- b. Geen skaduwee.
- c. Baie min skaduwee.
- d. Genoegsame skaduwee.

25. Verduielik die volgende in jou eie woorde: “As iemand só hamer, is dit tyding.” (2)

26. Wat was die “tyding” wat die vrou bebring het? (1)

27. Hoekom het die brand so vining versprei vanaf ou gebou, na die solder, en toe na die trap, en daarna na die breekplankvloere en toe na kosyne? (1)

28. Wat is die algemene skryftaal vir “vrietjie”? (1)


29. Wie help om goed uit die huis te dra?

30. Hoekom het hulle nie ook die goed in die winkel uitgedra nie? (1)

31. Hoekom maak dit sin dat Oom Kakie die skoenboks met die assuransiepapiere eerste gryp? (1)

32. Hoekom is die waterdruk laag? (1)
33. Wat doen die mense wat nie help om goed uit die huis te dra nie? (1)
34. Hoekom is Lila-hulle se huis tog in 'n belangrike straat al is dit nie in die hoofstraat nie? (1)
35. Hoekom is die dorpspaai, volgens die verhaal, so wyd? (1)
36. Wie vind veral voordeel uit die langgerekte eilande waarop die lamppale geplant is? (2)
37. Hoekom het Lila teruggehardloop in die brandende huis in? (1)
38. Na watter van die “geheime” wat Lila het verwys die “sklem pakkie tien”? (1)
39. Wat se sentimentele herrinerings heg Lila aan die geraamte voor haar wat hulle huis was? (3)
40. Wat word in die storie genoem wat Lila in die brand verloor het? (5)
41. Hoekom is oom Basjan se gesig nat en pienk soos 'n speenvark? (2)
42. Wat gaan oom Basjan doen om sy dors te les na die harde werk? (1)
43. Wat is die huiskat se naam? (1)
44. Vir wie gee Kakie die kat? (1)
45. Waar gaan hulle die meubels solank stoor? (1)
46. Hoekom het Oom Kakie die pad gevat? (1)
47. Wat besef Lila later toe alles omtrent die brand uitgesorteer is? (1)
48. Kies die korrekte antwoord. (1)
- Lila en haar maats het die verbeelspeletjie oor wat hulle sou red met 'n brand gespeel toe sy om en by
- a. 1 – 4 jaar oud was.
 - b. 9 – 12 jaar oud was.
 - c. 18 – 21 jaar oud was.
 - d. 25 – 30 jaar oud was.

49. Watter een van die prentjies het die meisies onmiddelik gesê sal hulle eerste vat as hulle huise sou afbrand of as daar 'n vloed was. (1)



50. Hoe lyk die huis waarin Lila nege-en-twintig jaar later woon? (2)

51. Wat is kontrasterend m.b.t. die weer van die area waar Lila nou bly teenoor die area waar sy groot geword het? (2)

52. Vir watter diens aan die omgewing. word Lila en Daniel vereer? (1)

53. Wat is hulle katte se name? (2)

54. Sê of die volgende stellings waar of onwaar is. (3)

54.1. Lila dra altyd skoene.

54.2. Lila se hare is moontlik blond.

54.3. Lila het gesonde hare.

55. Wat was Lila en Daniel besig om te doen toe die indringers daar opgedaag het? (2)

56. Noem twee dinge wat sal oorsaak sal wees dat Lila en Daniel se premie vir die versekering van hulle huis en die inhoud daarvan baie hoog sal wees. (2)

57. Wat doen Daniel en Lila ook wat baie gewaagd is met betrekking tot hulle persoonlike veiligheid? (1)


58. Hoekom behoort daar op die stadium nie nou meer slange in Lila en Daniel se huis aangetref te word nie? (1)

59. Hoekom sluit hulle tog die deure in die aand? (1)

60. Hoe het die indringers die huis binnegekome? (1)

61. Hoekom dink jy was dieselfde rooi golf die middag daar? (1)

62. Wat se wapens het die mans? (1)
63. Hoekom dink jy is daar vyf van hulle? (2)
64. Hoekom skree Daniel vir Lila om stil te bly toe sy skree. (1)
65. Hoe wys die indringers dat hulle amateurs is? (3)
66. Wat soek die indringers? (1)
67. Hoe lank was die indringers in Lila en Daniel se huis? (1)
68. Hoekom is die juwele wat Lila dra vir die indringers van geen waarde nie? (1)
69. Hoekom het Daniel die indringers sy bankkaart, pinnommer en die kaart aangebied. (2)
70. Stel vrae waarop waarop die volgende die antwoorde is:
 70.1. Nee, daar's nie 'n alarm nie. (1)
 70.2. Ons verwag niemand nie. (1)
 70.3. Nee, dis net ons wat hier woon. (1)
71. Hoekom glo die indringers Daniel nie toe hy sê dat hulle nie selfone het nie? (1)
72. Wat se spesiale betekenis het die pen wat Lila vir Daniel gekoop het? (2)
73. Kies die prentjie van dit wat ook uit die kas in die vrykamer gegooi is.



74. Wat se taal praat die indringers? (1)
75. Wat was Daniel se reaksie toe die indringers gesê het hulle gaan hom doodmaak as hy ne vir hulle sê waar die kluis is nie. (1)
76. Wat wou hulle met Lila doen? (1)

77. Hoekom dink jy bind hulle Lila en Daniel vas aan die pote van die bed se die voetenent? (2)
78. Hoeveel van die indringers bly by Lila en Daniel terwyl die ander twee die goed uitdra? (1)
79. Met wat se belofte dreig die indringers Lila en Daniel? (1)
80. Wat se waardevolle artikels uit die huis vat die indringers saam met hulle? (5)
81. Wat gebruik die indringer om Lila en Daniel se mond toe te plak omdat die maskeerband klaar is? (1)
82. Wat vra Lila een van die indringers om te doen? (1)
83. Wat maak die hele gebeurtenis vir Lila self nog meer moeiliker om te verstaan as sy die indringer wat haar toemaak se ouderdom diesleefde as haar peetkind s'n skat? (2)
84. Wat ruik Lila aan die indringer wat haar met die kombes toemaak? (1)

Terwyl hy die kombes om haar vou, raak sy bewus van die koue loop van 'n rewolwer in sy hand. Sy voel die bokhaar in haar nek, ruik die mottegif.

85. Verduidelik die kontras in die boonste gedeelte. (2)
86. Verduidelik die ironie in die verhaal? (4)
87. Wat is die tema van die verhaal? (1)